

Deudney, Edna

Nederlands en Afrikaans

Brünner Beiträge zur Germanistik und Nordistik. 1999, vol. 13, iss. Sonderheft, pp. [95]-102

ISBN 80-210-2055-5

ISSN 1211-4979

Stable URL (handle): <https://hdl.handle.net/11222.digilib/105895>

Access Date: 16. 02. 2024

Version: 20220831

Terms of use: Digital Library of the Faculty of Arts, Masaryk University provides access to digitized documents strictly for personal use, unless otherwise specified.

EDNA DEUDNEY

NEDERLANDS EN AFRIKAANS

[...] sy kyk hoe hy wegstap: haar skaam seun, met sy regop lyf... En Kaatjie Danster weet Shala Riet is haar mooiste seun, met sy trotse woede teen die Moolmans, sy kaal lyf, sy hande wat kan breek of regmaak en sy onvrugbare lende wat hy kry van die onvrugbares in die Moolmanstam. Maar sy bloed is goed; dis die Moolmanbloed van sy pa, Andries, en sy ouma Kitty Riet, en Kitty se sterk (Shan- en Khoi-) voorgeslagte (en van haar pa) wat terugloop tot by die sendeling James Read, by wie hulle hul van gekry het, en verder terug, deur die heilige man se are tot in die mistige wêreld oorkant die see.

Ek wil dié aanhaling uit Etienne van Heerden se mitiese roman *Toorberg* gebruik as metafoor vir die verwantskap tussen Nederlands en Afrikaans; 'n verwantskap wat terugvoerbaar is tot die sewentiende eeu. Uit sewentiende eeuse Nederlands het moderne Nederlands ontwikkel. Sewentiende eeuse Nederlands was ook die patriarg van Afrikaans. Ek gebruik doelbewus die woord "patriarg" en nie "vader" nie want Afrikaans had vele vaders. Dit was egter die "Moolmans" ofte wel die manne uit die land van die "molens" dus, die Nederlandse kolonialiseerders van die Kaap van Goeie Hoop wat aanvanklik hulle talige heerskappy laat geld het, nie alleen in die omgang met slawe uit Afrika en die Ooste en met die plaaslike Khoi en San nie maar ook met die handjievul Europeërs en ander vreemdelinge wat hulle daar kom vestig het.

Klein in getal teenoor die oorweldigende meerderheid van die inheemse bevolking was die Europeërs 'n bonte volkemengeling. Daar was burgers van Nederlandse afkoms, seemanne uit alle wêrelddele, Duitse soldate en amptenare, 'n aansienlike groep Franse Hugenote, Morawiese en Britse sendelinge en in die 18de en 19de eeu op die koop toe Britse Settelaars, Skotse predikante en Ierse priesters. Die Nederlandse skout-by-nag, Stravonius, wat rondom 1770 aan die Kaap was, getuig egter reeds soos volg:

De eerste Europische bevolking dezer Colonie, uit verscheiden Natiën bestaan hebbende, zijn thans, door langheid van tijd, zoodanig onder een gesmolten, dat zij niet meer van elkanderen te onderscheiden zijn. Zij hebben, als 't ware, hun

nationaal karakter voor dat van dezen landaart verwisseld.¹

Die merkwaardigste verwisseling was hulle spontaan veranderde taal; 'n taal nog steeds verwant aan Nederlands maar reeds gedrenk in en ook gevoed en gekoester deur die bloed en lewensappe van Afrika. Wel is die taal toe nog nie Afrikaans genoem nie, maar "Kitchen Dutch" of soos onder andere deur J. G. Swaving wat in 1828 tolk aan die Kaap was en vertel van

dat soort van bastaard Hollandsch, hetwelk hier te lande, onder den boeren- en slavenstand, als ook onder de Hottentotten en allerlei andere vrije Heidensche volksstammen gesproken wordt, en welke zelfden meer beschaafden der Christelijke en voorname volksklasse niet geheel en al oneigen is.²

Verskillende ontstaansteorieë is deur die loop van jare aan die hand gedoen. Elkeen daarvan werp lig op bepaalde moontlikhede dog sonder om tot oortuigende konklusie te geraak. 'n Belangrike rigtingverandering ten opsigte van die oorwegend sosiolinguistiese teorieë is in 1949 aan die hand gedoen deur S. A. Louw na aanleiding van sy spesiale studie van die Duitse nedersettingsdialek van Franztal in Suid-Slawië waar 'n samevloeiing van verskillende dialekte op een punt binne anderhalwe eeu uitgeloop het op 'n eenvormig dialek wat in sy vormleer sterk vereenvoudig is. Hy meen dat iets dergeliks aan die Kaap kon plaasgevind het, sodat die beswaar teen 'n teorie van natuurlike ontwikkeling op grond van die tydsfaktor vir Afrikaans nie deurslaggewend hoef te wees nie.

Volgens J. du Plessis Scholtz is dit duidelik dat daar an die begin in die Kaap 'n groot verskeidenheid van vorme van Nederlands in gebruik moes gewees het, onder meer uit die sosiaal en lokaal geskakeerde Nederlands van die amptenare, burgers, slawe, Khoi en San, ook uit die ander Nederlandse en Duitse streeksprake. In die loop van die tyd was daar 'n proses van uitsortering, van definitiewe voorrang verkry of afsak in die waardeskaal, sodat heelwat vorme spoorloos verdwyn het of vandag net plaaslik of in minder bevoorregte kringe by voortbestaan. Soos daar in Nederland sedert die einde van die 16de eeu 'n proses van opbou van 'n standaarduitspraak – gelei deur grammatici en taalreëlaars – was, so was daar ook aan die Kaap eers 'n proses van sosiale taaldifferensiering. En onthou, officieel was Nederlands steeds die verhewe kerk- en kultuurtaal. Die Patriarg, eers in die vorm van sewentiende eeuse Nederlands en later by die geleidelike ontwikkeling daarvan, in die meer moderne vorm van AB-Nederlands, het steeds bly waak. Hoewel vanaf 1860 al heelwat Afrikaans in die plek van Nederlands tot kultuurmedium sou kan verhef word nie. Selfs die sistematiese vervanging van Nederlands deur Engels as die taal van bestuur en regspleging in 1822 onder lord Charles Somerset en wat gelei het tot die uitsluiting van Nederlands uit die parlement in die grondwet van

¹ Scholtz, J. du Plessis: *Wording en ontwikkeling van Afrikaans*, Kaapstad, Tafelberg 1980, p. 37.

² *Swaving's sonderlinge ontmoetings en wonderbaarlijkse lotsverwisselings.*

1853 het sonder veel protes verloop. Nederlands was immers nog die amptelike taal van die Transvaalse en Vrystaatse Republieke. 'n Skok was nodig om Afrikaners wakker te skud en hulle te laat oorgaan tot die beskerming van hulle taal- en ander belange. Dit het in 1871 gekom deur die Britse regering se onregverdige oornome van die Vrystaatse diamantvelde. In die taalstryd wat daarop gevolg het het Nederlands en Afrikaans mekaar se belange bevorder. Die suksesse wat geboek is, was:

1. In 1882 is Nederlands, na heelwat protes, naas Engels as die offisiële taal van die Kaapse parlement erken.
2. In 1884 het die taalstryders dit bereik dat Nederlands in die hoër geregshowe kán en in die laer geregshowe móét en dat Nederlands 'n verpligte vak vir die laer staatsdienseksamen gemaak is. Alles wat Nederlands gewen het, sou later Afrikaans ten deel val as die Afrikaanse beweging end-uit slaag.

By die Vrede van Vereeniging (1902) na die Anglo-Boere-Oorlog het Britanje ook die Transvaal en die Vrystaat met hulle ryk goudvelde ingepalm. Onder die Milnerbewind wat daarop gevolg het, is alles daarop gerig om Afrikaners so gou as moontlik Engels te maak. Dog weer eens het Nederlands en Afrikaans mekaar onderskraag. Op 30 Junie 1909 is die "Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst" gestig. Die doel daarvan is soos volg geformuleer:

De handhaving en bevordering van de Hollandse Taal en Letteren, en van de Zuid-Afrikaanse Geschiedenis, Oudheidkunde en Kunst,

met die byvoeging:

Onder 't Hollands wordt verstaan: de beide taalvormen gebruikelijk in Zuid-Afrika.

Op 18 Februarie 1925 is amptelik in die *Wet op de Officiële Talen van de Unie* aan Afrikaans gelyke regte verleen.

Kyk ons terug oor die geskiedenis is daar alleen waardering uit te spreek vir die Nederlandse onderskraging van Afrikaans, die jongste Germaanse taal, dog inheems aan Afrika. Suid-Afrika is immer vandag die gebied waar die grootste gemeenskap "Nederlandstaliges" buite die Lae Lande hulle bevind. Die getal moedertaalsprekers van Afrikaans is naas Zulu en Xhosa die grootste groep in die land. Onder hierdie groep is daar 'n klein minderheid wat hulleself as blank beskou, maar ook hulle is nes die ander in hart en niere Afrikane. Afrikaans is van Afrika en bied deur die letterkunde vir almal wat enigsins Nederlands kan lees en begryp die gemaklikste kontak met die uniekheid van Afrika. As voorbeeld daarvan die Sotho-verhaal soos op Afrikaans oorvertel deur Minnie Postma:

In die begin³

Lank, lank, baie lank gelede, was daar nog nie so baie mense soos nou nie. Daar was net vier.

Hulle was mans, vier mans wat nie getroud was nie omdat daar nie vroue was met wie hulle kon trou nie. Dit was in die begin.

Hierdie vier ongetroude mans het teen die hang van 'n hoë berg gewoon. Aan die voet van hierdie berg was 'n diep kloof en anderkant hierdie-diep kloof was 'n ander berg.

Die vier mans het nie geplant of geoes nie, hulle het nie gemaal of gekook nie, hulle het net gejag. Hulle het die wilde bokke in vanggate gevang of hulle het die diere met pyl en boog geskiet. Hulle het van daardie vleis gelewe. Hulle braai dit op die kole dan eet hulle dit en as hulle dors was, het hulle water uit die fontein gedrink.

Elke dag het hulle gejag, want elke dag moet jy vleis hê om jou maag mee vol te maak. Ja, elke dag, elke dag, elke dag.

Een môre sien die vier mans teen die berghang anderkant die kloof 'n vreemde ding rondloop. Hulle kyk, hulle kyk, hulle kyk, maar hulle bly dom. Die een sê: "Kgele, kêrels, is dit 'n ding wat 'n jagter kan skiet daardie?" en 'n ander sê: "Dit lyk soos 'n mens, maar hoe kan dit 'n mens wees, hier is ons dan al vier bymekaar!" Toe sê die ander een: "Hoe kan dit 'n mens wees as hy nie jag nie?"

Nee, hierdie saak verstaan hulle nie. Nou let hulle elke dag op na die onverstaanbare ding daar teen die berghang aan die oorkant van die kloof. Maar hulle gaan nie nader nie, want hulle vrees die onbekende. Hulle gesels maar net daaroor, heeldag: "Dis 'n ding wat nie jag nie." "Hoekom sien ons nie rook nie? As dit 'n mens is, sal hy vuurmaak." "Daardie ding loop nie rond nie, hy bly op een plek." "'n Dier bly nie op een plek nie, hy loop rond." "Dis 'n mens, want hy gaan elke dag na die fontein toe." "'n Dier drink ook water."

So praat hulle elke dag. Net so, net so, net so.

Maar eendag toe hulle weer 'n bok geskiet het, toe praat die dapperste van hulle vier. Hy sê: "As ons hierdie bok se vel afgeslag het, dan sal ek 'n groot stuk vleis afsny en vir daardie ding gaan gee. Dan kan ek sien wat se soort hy is."

Die ander drie sê dis 'n goeie plan, hy moet net sy kierie saamneem sodat hy hom kan verdedig as die vreemde gedierte hom aanval.

Toe maak hy so.

Hy neem die vleis en sy groot kierie en gaan deur die kloof. Hy dra die vleis anderkant uit tot by die vreemde ding. Maar toe hy daar kom, sien hy dit is nie 'n dier nie, dit is regtig 'n mens. Maar dis 'n mens wat anders gemaak is as hulle vier. Hy kan dit nie verstaan nie, nou vra hy die mens uit.

Hy vra: "Wat eet jy?" en die antwoord kom: "Ek eet water."

³ Teks is oorgeneem uit: Minnie Postma, *As die maan oor die lug loop. Sotho-verhale saamgestel en ingelei deur Hennie Aucamp*. Kaapstad, Tafelberg 1970, p. 7-12.

"Is dit al?"

"Ja, dis al."

"Hoekom jag jy nie dat jy vleis kan kry om te eet nie?"

"Dit betaam my nie, want ek is 'n vrou."

"*Jonna!* sê hy. „Dis heeltemal reg só, want jy is klein en tingerig... die wilde diere sal jou verskeur! *Jonna! Jonna!*"

Toe bly sy stil en kyk beskeie af na die grond toe, maar sy luister na die woorde van die jong man.

Hy sê: "Hier is vir jou vleis. Kan jy dit eet?"

"Ja, ek kan." Toe eet sy voor sy oë totdat haar maag gevul is en die vleis wat oorbly, gooi sy nie weg soos hulle doen nie, nee, sy hang dit aan 'n tak op om droog te word.

"*Ao,*" sê hy, "gooi dit weg vir jakkalse en wildekatte; môre bring ek weer vir jou ander."

Maar sy antwoord hom: "Nee, ek hang dit hier op, ek sal dit môre eet en oormôre."

Hy verstom hom hieroor en hy sien dat sy slimmer is as hulle vier. Sy gee nie vir die jakkalse vleis nie, sy maak dit droog!

Nou groet hy haar, hy sê sy moet goed agterbly en sy groet hom, sy sê hy moet mooi loop. Net so, net so.

Toe hierdie man by die ander kom, vertel hy hulle van die mens wat sê sy is 'n vrou. Hy sê sy is baie slim, want sy maak vleis droog sodat sy dit môre kan eet en oormôre.

"Hoekom jag sy nie self as sy 'n mens is nie?" vra hulle.

"*Ao,* sy kan nie! Sy is klein en tingerig soos 'n duikertjie. Haar oë is sag en teer soos dié van 'n bokkie."

"Dan is dit ons plig om vir haar te sorg, want ons is groot en sterk soos bulle en ons oë is skerp soos dié van roofvoëls."

"Jy het gepraat," sê die ander. "Dis ons plig."

Nou – daardie vrou: Toe sy die vleis geëet het wat die man vir haar gegee het, word sy dors. Sy gaan af na die fontein toe. Sy het nie 'n karos wat sy om haar skouers kan dra nie, net om haar heupe hang 'n kort rokkie wat sy van gras gemaak het.

Toe sy by die fontein kom, drink sy.

Sy drink totdat haar dors geles is, toe gaan sy terug na haar woonplek toe. Maar net toe sy daar kom, kry sy weer dors, toe gaan sy weer na die fontein toe, al die spore wat haar voete netnou getrap het. En toe sy klaar gedrink het, gaan sy terug huis toe al op die spore, al op die spore, al op die spore.

Maar haar dors is groot, daar is nie 'n einde aan nie.

Na die fontein toe op haar spore en weer terug op haar spore, totdat sy 'n diep voetpaadjie uitgetrap het.

Nou maak sy 'n plan. Sy neem klei daar by die fontein en daarmee vorm sy 'n pot. Sy maak dit groot genoeg vir baie water.

Toe sy dit klaar gemaak het, sit sy dit op die klipplaat neer sodat die son dit hard kan bak, en toe sy honger word, gaan eet sy van die droë vleis. Maar toe sy die vleis klaar geëet het, kry sy weer van die verskriklik dors, so dors dat dit haar wurg. Sy gaan in die voetpaadjie af na die fontein toe, sy skep met haar hande en sy drink.

Sy drink, sy drink, sy drink, sy drink. Sy drink totdat sy nie meer dors is nie, toe skep sy die pot wat van klei gemaak is, vol water. Maar net toe die water binne is, word die klei weer sag en die water val uit op die grond.

Die ander dag kom die jong man na haar toe en hy bring weer vir haar vleis. Sy vertel hom van die kleipot, toe maak hy 'n plan. Hy gaan tel droë mis op van die wilde diere, daarmee maak hy vir haar 'n groot vuur.

Op die vuur bak sy toe 'n ander pot wat sy van klei gemaak het. Sy bak dit totdat dit kliphard is. Nou skep sy dit vol water en toe die water daarin is, breek dit nie soos die eerste pot nie.

Nou is sy bly en die jong man verbaas hom oor die slim mens wat sê sy is 'n vrou.

Sy neem weer klei en maak 'n pot. Sy sê hy moet weer vir haar 'n vuur maak. Nou gaan soek hy weer droë mis op die velde en hy dra dit in sy karos terug na haar toe, na die vrou toe.

Maar toe sy sien hoe hy die droë mis vir haar aandra, maak sy 'n plan, want sy is slim, al is haar liggaam fyn en swakker as dié van die man.

Sy vleg vir haar 'n mandjie van gras. Sy maak vir haar 'n *seroto*. Nou help sy hom mis aandra in die grasmandjie. Toe hy nou weer vir haar 'n groot vuur gemaak het, bak sy die ander pot ook hard en sterk in die kole en sy is bly toe sy sien dit is sterk en hard nes die vorige een. Sy is baie bly en die jong man verbaas hom oor die vernuf van hierdie vrou.

In die tweede pot sit sy toe vleis, die vleis van 'n bok wat die jong man vir haar gebring het, en sy kook dit op die kole.

Sy kook dit en sy kook dit. Sy kook dit, sy kook dit, sy kook dit totdat dit sag is, toe haal sy dit uit die pot en sit dit op die klipplaat neer sodat dit kan koud word.

Sy wag en sy wag totdat dit koud is, toe eet sy daarvan. Sy eet en sy eet totdat sy versadig is, toe gee sy vir die jong man ook daarvan.

Dis vir hom baie lekker. Dis die eerste keer dat hy sulke lekker vleis eet en sy hart is bly toe hy genoeg het in sy maag. En toe hy klaar die vleis geëet het, drink hy die sous op uit die pot van klei.

Ao, nee, die ander jong manne moet ook kom proe hoe die vleis smaak. Hy hardloop vinnig na hulle toe daar waar hulle woon teen die hang van die berg aan die ander kant van die kloof.

Toe hy daar kom, vertel hy hulle alles en hy neem hulle saam met hom terug na die woonplek van die vroue toe.

Hulle verstom hulle oor die snaakse mens. Hulle kan sien sy is baie swakker en fynere as hulle, maar, *jo*, sy het 'n verstand wat baie groter is as hulle s'n!

Hulle gee vir haar 'n karos van vel gemaak en sy hang dit om haar skouers. Nou voel sy nie meer die koue nie.

Sy kook vir hulle vleis. Sy kook dit totdat dit sag is en hulle eet dit nadat dit koud geword het op die klipplaat. Hulle eet, hulle eet, hulle eet alles op. Hulle drink die sous ook op uit die pot van klei en hulle verwonder hulle oor die potte wat nie brand as dit op die kole staan nie. Hulle is heeltemal verstom oor die nuwe goed.

Maar toe hulle die vleis klaar geëet en die sous alles gedrink het, word hulle verskriklik dors. Hulle word so dors dat hulle na die fontein toe wil gaan om water te drink, maar die vrou keer hulle.

"Hier is water vir julle, o grotes en sterkes. Ek het vir julle water hiernatoe gebring." Toe laat sy hulle drink uit die kleipot.

Hulle drink, hulle drink, hulle drink totdat hulle nie meer dors het nie, toe is die water gedaan. Toe is die pot leeg. Hulle is verstom om 'n pot te sien wat nie sag word as daar water in staan nie. Hulle is jammer dat die water op is, maar die vrou sê dis niks nie, want sy sal weer met die kleipot na die fontein toe gaan en weer vir hulle water bring.

Die vier jong manne kyk haar agterna. Net toe sy buite kom, ruk die wind haar karos byna van haar liggaam af. Maar sy maak 'n slim plan, sy sit die kleipot op haar kop sodat sy die karos kan vashou met haar twee hande.

Dis vir hulle wonderlik, want so iets het hulle nog nooit vantevore gesien nie. Nou gaan sit hulle weer om die vuur en hulle wag dat die vrou vir hulle die water moet bring.

Toe hulle so sit en wag, hoor hulle die wind wat daar buite huil: "Hoeiiii-hoeiiii, hoeiiii-hoeiiii." Hulle dink dis die wind, maar toe huil dit al harder en harder. "Hoeiiii-hoeiiii." Hulle gaan kyk.

Hulle kyk, maar hulle sien nie die wind nie. Hulle sien nie gras wat plat gewaai is nie. Hulle sien ook nie bome wat krom staan in 'n sterk wind nie, maar hulle hoor dit nog: "Hoeiiii-hoeiiii. Hoeiiii-hoeiiii."

"Is dit dan die vrou wat so maak soos die wind?" vra een jong man. Toe sien hulle die vrou aankom met die pot water op haar kop.

Die blink druppeltjies van die water lê op haar bruin gesig soos dit uitgestort het uit die pot van klei. En met haar twee klein handjies hou sy die karos styf vas om haar skraal lyfie en met haar mond huil sy soos die wind. "Hoeiiii-hoeiiii, hoeiiii-hoeiiii." Sy lag, sy lag, sy lag toe sy sien hoe die jong manne hulle verwonder. Sy lag en hulle lag saam.

Toe die jong manne klaar geëet het van die sagte vleis wat op die vuur in 'n kleipot gekook is en hulle dors geles het met die water wat die jong vrou vir hulle van die fontein af gebring het, staan drie van hulle op om te loop.

Maar die vierde jong man bly sit langs die vuur. Toe die ander wegloop, bly hy agter by die vrou. Hy sal by haar bly. Hy sal vir haar jag omdat sy self te swak is.

Die vrou sal weer vir hom moet help. Sy sal vir hom *diroto* vleg en kleipotte maak. Sy sal vir hom die vleis gaan kook sodat hy dit maklik kan eet en sy sal

vir hom water aandra na sy huis toe sodat hy sommer kan sit en drink; sodat hy nie nodig sal hê om soos 'n hond water op te lek uit die fontein nie.

En... sy sal vir hom sing. Soos die wind. Sy sal hom laat lag.

Regtig waar, sy sal sy hart bly maak en hy sal vir haar sorg.

So was dit heeltemal in die begin.

Net so, net so. *Jwalo, jwalo.*